



higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N630(A)(M24)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

KUNSGESKIEDENIS N6

(3050566)

24 Mei 2019 (X-Vraestel)

09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.


DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA
NASIONALE SERTIFIKAAT
KUNSGESKIEDENIS N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae in AFDELING A.
 2. Beantwoord enige DRIE vrae in AFDELING B.
 3. Lees AL die vrae aandagtig deur.
 4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
 5. Skryf netjies en leesbaar.
-

AFDELING A**VRAAG 1**

Bestudeer ILLUSTRASIE A aandagtig en beantwoord die vrae.

ILLUSTRASIE A

Freya Jobbins is 'n eietydse Australiese kunstenaar wat driedimensionele kunswerke, installasies, plakskilderye (collage's) en afdrucke maak. Jobbins se driedimensionele kunswerke toon die invloed van buitengewone portrette met iets wat aan die Toy Story-trilogie herinner. Sy gebruik 'n buitengewone soort materiaal, naamlik weggooispeelgoed, om borsbeelde en portrette van mense te maak.

- 1.1 Ontleed die kunswerk hier bo en beantwoord die vrae.
- 1.1.1 Watter proses het die kunstenaar ten opsigte van haar medium en tegniek gevolg om hierdie kunswerk te maak? (4)
- 1.1.2 Hoe het die kunstenaar vir balans in hierdie kunswerk gesorg? (2)
- 1.1.3 Bespreek die komposisie en die benutting van ruimte in hierdie werk. (4)
- 1.2 Gee die kunswerk 'n titel en sê wat volgens jou die betekenis en die boodskap daarvan is. (2)
- [12]

VRAAG 2

Bestudeer ILLUSTRASIE B en C aandagtig en beantwoord die vrae.

ILLUSTRASIE B



Vincent van Gogh; *Selfportret as 'n skilder*, 1887; olie op doek; 65,1 cm x 50 cm

ILLUSTRASIE C



Otto Dix, *Autorretrato con caballete*; 1926; olie op doek; 80,5 cm x 55,5 cm



Ontleed en vergelyk die twee skilderye hier bo (ILLUSTRASIE B en C) wat betref die volgende kunsaspekte:

- | | | | | |
|-----|--|---|---------|-------------|
| 2.1 | 2.1.1 | Tegniek en kleurgebruik | (2 + 2) | (4) |
| | 2.1.2 | Ooreenkomste en verskille in die komposisie | (2 + 2) | (4) |
| | 2.1.3 | Emosionele eienskappe van elke kunswerk | (1 + 1) | (2) |
| 2.2 | Van watter een van hierdie TWEE kunswerke hou jy die meeste? Gee 'n rede vir jou antwoord. | | | (2) |
| | | | | [12] |



VRAAG 3

Bestudeer ILLUSTRASIE D aandagtig en beantwoord die vrae.

ILLUSTRASIE D

John Constable; *Salisbury-katedraal vanaf 'n weiveld*; olie op doek; 150 cm x 180 cm

'Die golwende wolke is dreigend en onstuimig, die kontras tussen lig en skadu is oordrewe, en om die toringspits van die katedraal flits selfs weerlig. 'n Mens voel ongerus en dink aan ontsag, grootsheid – sowel as aan iets meer ontasbaar, majestueus en selfs onaards.'

3.1 Ontleed hierdie beroemde kunswerk van Constable.

Bespreek die kunstenaar se gebruik van perspektief om diepte te gee.

(4)

3.2 Bespreek die gebruik van kontras of kleurtoon en die uitwerking wat dit op die komposisie het. Noem die fokuspunt, en gee 'n rede vir jou antwoord.

(4)

[8]

VRAAG 4

Bestudeer ILLUSTRASIE E en F aandachtig en beantwoord die vrae.

ILLUSTRASIE E



Michelle Reader; *Seven Wasted Men*; gemengde media

ILLUSTRASIE F



Dario Tironi

Die werke van Reader (ILLUSTRASIE E) en Tironi (ILLUSTRASIE F) is gemaak van herwinde of afvalmateriaal. Ontleed en vergelyk die twee kunswerke voordat jy op die volgende stellings reageer. Stem saam met elke stelling (waar) of verskil daarvan (onwaar). Gee 'n rede vir elke antwoord.

- 4.1 Die kunswerk in ILLUSTRASIE E is tegnies baie beter as die een in ILLUSTRASIE F.
- 4.2 Hierdie twee kunswerke besit geen emosionele eienskappe nie.
- 4.3 Die figuur van die seuntjie in ILLUSTRASIE F is vir dramatiese effek verwing.
- 4.4 Geen kunswerk mag van herwinde of afvalmateriaal gemaak word nie.
- (4 × 2) [8]

VRAAG 5

Impressionistiese skilderye is van die mooiste in die geskiedenis van moderne kuns. Die publiek hou die meeste van impressionistiese skilderye.

- 5.1 Bespreek die bydrae wat Manet of Renoir tot die impressionisme gelewer het deur EEN werk van die twee te bespreek. (8)
- 5.2 Edouard Manet, Camille Pissarro, Edgar Degas, Alfred Sisley, Claude Monet, en Berthe Morisot is van die bekendste impressionistiese skilders. Manet het 'n groot invloed op die ontwikkeling van die impressionisme gehad, en alledaagse voorwerpe geskilder.

Ontleed EEN kunswerk deur enigeen van hierdie skilders in detail. (12)
[20]

VRAAG 6

Die postimpressioniste het die idees van die impressioniste in 'n nuwe rigting gestuur. Aan die een kant dui die woord 'postimpressionisme' op bande met die oorspronklike impressionistiese idees, en aan die ander kant dui dit daarop dat die postimpressioniste hierdie bande verbreek het – op hulle modernistiese reis uit die verlede na die toekoms.

Wei uit oor hierdie stelling deur die werke van TWEE postimpressionistiese kunstenaars te bespreek. Hou rekening met die volgende wanneer jy op 'n kunstenaar besluit:

- 6.1 Kunstenaar 1: Wyk af van die impressionisme. Simboliese en uitdrukkingsvolle kleurgebruik.
- 6.2 Kunstenaar 2: Analitiese en wetenskaplike benadering tot die skilderkuns. Kunstenaar wyk af van die tradisionele uitbeelding van perspektief. (2 × 10) [20]

VRAAG 7

Van Gogh het hom min aan die kleure in die natuur gesteur, en kleur eerder gebruik om 'n treffende effek te skep. Verduidelik in 'n opstel hoe dit die werk van Matisse en/of Derain beïnvloed het.

Bespreek voorbeelde waarin spesifiek fauvistiese kenmerke voorkom.

Noem EEN kunswerk van Matisse of Derain en ontleed dit volledig.

[20]**VRAAG 8**

Daar word beweer dat die Tsjeggiese kunshistorikus Antonin Matejcek die term *ekspressionisme* in 1910 uitgedink het, en dat dit die teenoorgestelde van impressionisme beteken. Terwyl die impressioniste die grootsheid van die natuur en die menslike liggaam in hulle skilderye wou uitbeeld, wou die ekspressioniste volgens Matejcek alleen hulle gevoelsluwe uitbeeld deur gewoonlik rou, realistiese onderwerpe te skilder. Let egter daarop dat Die Brücke en soortgelyke ondergeskikte bewegings hulleself nooit ekspressioniste genoem het nie. Bowendien is die term *ekspressionisme* aan die begin van die vorige eeu vir verskillende style gebruik, onder andere vir die postimpressionisme.

Verduidelik hierdie stelling deur EEN werk verteenwoordigend van elk van die Duitse ekspressionistiese skole te ontleed.

[20]**VRAAG 9**

Die kubiste wou nuwe lewe in die kragtlose tradisies van Westerse kuns blaas omdat dit volgens hulle uitgediend was. Om hierdie rede het hulle die konvensionele voorskrifte van uitbeelding uitgedaag, soos perspektief wat sedert die Renaissance streng nagevolg is.

Wei uit oor hierdie stelling deur EEN werk uit elke kubistiese fase te bespreek.

[20]**TOTAAL AFDELING A: 140****AFDELING B**

Beantwoord DRIE van die volgende vrae:

VRAAG 10

Omdat die futuriste so entoesiasties was oor moderniteit en die masjien, was hulle bly toe die Eerste Wêreldoorlog uitbreek het. Hulle het probeer om beweging in hulle skilderye weer te gee.

Verduidelik in 'n opstel die metodes wat hulle gevolg het om beweging uit te beeld. Bespreek en ontleed die kunswerke van ten minste TWEE kunstenaars uit hierdie beweging.

[20]

EN/OF**VRAAG 11**

Kazimir Sewerinovitsj Malewitsj (23 Februarie 1878–15 Mei 1935) was 'n Russiese skilder en kunsteoretikus. Hy was een van die baanbrekers van geometriese, abstrakte kuns en die vader van die avant-garde beweging genaamd die suprematisme.

Bespreek sy kunswerke om aan te toon wat hy wou bereik.

[20]**EN/OF****VRAAG 12**

Piet Mondrian het beweer: 'Alle skilderkuns – dié van die verlede sowel as dié van die hede – wys dat alleen lyn en kleur werklik belangrik is om iets uit te beeld'. Hierdie woorde beskryf De Stijl in een sin.

Staaf hierdie stelling deur werke van Mondrian te bespreek en na die oorsprong van hierdie beweging te verwys.

[20]**EN/OF****VRAAG 13**

Hoewel Dada nie eintlik 'n kunsbeweging was nie, was die verteenwoordigers daarvan ten gunste van samewerking, spontaneïteit en toeval.

Ontleed en bespreek spesifieke voorbeelde om hierdie stelling te bewys. Gebruik die volgende as 'n riglyn vir jou opstel:

- | | | |
|------|---|-------------|
| 13.1 | Ontstaan en verskillende interpretasies van die term 'dada' | (6) |
| 13.2 | Kunswerke van Marcel Duchamp | (14) |
| | | [20] |

EN/OF**VRAAG 14**

Die surrealisme het laat in die 1910's en vroeg in die 1920s as 'n literêre beweging ontstaan. Daar is geëksperimenteer met 'n nuwe uitdrukkingswyse genaamd outomatiese skryfwerk, oftewel outomatisme, om die onbeheerde verbeelding in die onderbewuste vrye teuels te gee.

Bespreek hierdie stelling en neem die volgende in ag:

Noem en ontleed die stilistiese kenmerke van die surrealisme deur na TWEE van die volgende kunstenaars se werke te verwys:

Max Ernst; Magritte; Dali; Masson; Miro.

[20]**EN/OF**

VRAAG 15

'Abstrakte ekspressionisme' was vir die verteenwoordigers van hierdie beweging, wat in die 1940's en 1950's in New York ontstaan het, nooit 'n goeie benaming nie. Die term was veronderstel om nie alleen die werk van kunstenaars wat kleurvelde en abstrakte vorms geskilder het, te dek nie, maar ook die werk van skilders wat hulle doeke met energieke gebare en op 'n ekspressionistiese manier aangepak het. Nogtans het abstrakte ekspressionisme die aanvaarde term geword vir 'n groep kunstenaars wat baie gemeen gehad het.

Beskryf die kenmerke van die abstrakte impressionisme deur die werke te ontleed van EEN kunstenaar wat aksieskilderwerk en EEN wat kleurveldskilderwerk beoefen het.

[20]**EN/OF****VRAAG 16**

Sonder 'n foto is fotorealistiese skilderwerk onmoontlik. Bespreek die superrealistiese benadering tot die foto, hulle onderwerpe en tegniese asook hulle houding teenoor realisme.

Bespreek TWEE superrealistiese kunstenaars wat jy bestudeer het.

[20]**EN/OF****VRAAG 17**

Pop Art is aanvanklik beoefen deur New Yorkse kunstenaars soos Andy Warhol, Roy Lichtenstein, James Rosenquist en Claes Oldenburg. Hulle almal het populêre beelde gebruik. Eintlik was Pop Art 'n internasionale verskynsel. Ná die abstrakte ekspressionisme het Pop Art modernisme in 'n nuwe rigting gestuur toe herkenbare beelde uit die massamedia en populêre kultuur weer in skilderye opgeduik het.

Bespreek die werk van EEN Britse Pop Art-kunstenaar en EEN Amerikaanse Pop Art-kunstenaar om aan te toon hoe die populêre massakultuur hulle beïnvloed het.

[20]**EN/OF****VRAAG 18**

'Die verklaring dat konseptuele kuns eerder kuns van die verstand as kuns van die sintuie is, is die mees fundamentele, revolusionêre eienskap daarvan. Omrede dit eerder kuns op die vlak van idees as op die vlak van voorwerpe posisioneer, verwerp konseptuele kuns alle tradisionele kunsmedia'.

Bespreek die werk van 'n konseptuele kunstenaar om hierdie antimaterialistiese benadering te illustreer.

[20]

TOTAAL AFDELING B: 60
GROOTTOTAAL: 200